

VRAESTEL 29

VRAAG 1: Manne wat val

Lees die onderstaande aanhalings uit *Tuimeltrein* en beantwoord dan die vrae daarvoor:

Een. Twee. Drie. Die roomysman val agteroor en sy kop klap hard teen die teerpad. Dis skaars vyftien meter van hulle af.

Die skoolhoof stap uit van agter die bussie en mik sy pistool na die gewonde man op die grond se pypdeurdrentkte gesig.

(bladsy 12)

1.1 Wat is die roomysman se naam? (1)

1.2 Hy en die skoolhoof ken mekaar al baie lank. Waar het hulle mekaar ontmoet? (1)

1.3 Wat was die skoolhoof se motief om die roomysman te skiet? Sê kortliks. (2)

Hande gryp na die vlakvarkhande om te keer dat hy val.

Dit help nie.

Die hele houtmontering met die drie koppe trek los van die muur en tuimel saam met die ou grond toe. 'n Oorverdowende slag wat die tafel ook omgooi.

Die man kreun effens, maak 'n paar onaardse wurggeluide en dan is dit doodstil.

(bladsy 66)

1.4 Waar speel hierdie toneel af? (1)

1.5 Wat het die man van die muur af probeer verwyder toe hy sy balans verloor en van die tafel afgeval het? (1)

1.6 Sê kortliks hoekom hy onaardse wurggeluide in die aanhaling hierbo maak. (1)

Dieselfde oomblik kom 'n oorgroot swart handsak verby Henni se kop en tref die skoolhoof soos 'n wegholstraat teen die oor. Dit klink of dit sy kopbeen verbrysel. Die ouer man tol in die rondte en val skellerend, gesig na onder in die gat wat al 'n kwart toegegooi is.

(bladsy 148)

1.7 Wat is die skoolkinders se bynaam vir die ouer man in die aanhaling hierbo? (1)

1.8 Wie se oorgroot swart handsak tref hom teen die oor? (1)

1.9 Wat doen Henni om homself te verdedig op dieselfde oomblik wat die handsak die man tref? (1)

1.10 In watter gat beland hy? (1)

Sy voel die pyn nog voor sy die laaste skoot hoor. Dit ruk haar van balans af, rol haar oor die grondpad. Sy rol tot binne-in die sloot. Grond en klippe krap haar gesig, brand in haar oë.

Is dit hoe dit voel as die lewe uit jou lyf vloei?

(bladsy 162, 163)

1.11 Wie word in die aanhaling hierbo geskiet? (1)

1.12 Waar aan haar liggaam tref die koeël haar? (1)

1.13 Watter twee slagoffers in bostaande vier aanhalings sterf? **(2)**

[15]

VRAAG 2: In die kake van 'n skrootmasjien

Skryf 'n paragraaf van **80–120 woorde** oor die klimaks wat in die *skrootwerf* bereik word. Beantwoord die onderstaande vrae kortliks in jou paragraaf, asook die ander vrae wat daaroor gevra word.

2.1 Paragraaf

- Waarvoor word die masjien in die skrootwerf gebruik? **(1)**
- Waar is Henri en Jasper op hierdie stadium? **(1)**
- Hoe reageer elk van hulle as hulle besef wat met hulle gaan gebeur? **(2)**
- Hoe reageer hul ma's waar hulle by die wrak in die skrootmasjien staan? **(1)**
- Dis 'n Saterdagmiddag. Wie hanteer die masjien? **(1)**
- Wat is die funksie van die rooi knop? **(1)**
- Wie druk uiteindelik die rooi knop? **(1)**

(8)

2.2 Wat het Jakkals kort tevore gedoen toe Abby van hom wou wegvlug? **(1)**

2.3 Wat is die naam van die skrootwerf waar die drama afspeel? **(1)**

2.4 Hoe het Jakkals die motortjie tot in die kake van die skrootmasjien gekry? **(1)**

2.5 Watter twee dinge gebeur wat verhoed dat die twee seuns sterf? **(2)**

2.6 Wat doen Jasper se pa om die seuns te bevry? **(1)**

2.7 Wat doen Abby se pa net voordat sy ineenstort? **(1)**

[15]

VRAAG 3: Onderhoud met Koos

'n Joernalis voer 'n onderhoud met Koos, die boomleser. Laat Koos die vrae beantwoord volgens die feite in die boek.

3.1

Joernalis: “Koos, ek hoor jy hou nie daarvan om 'n boomleser genoem te word nie. Wat verkies jy om jouself te noem?” **(1)**

Koos: “...”

3.2

Joernalis: “Waar het Jasper die motorfiets parkeer terwyl die jonges by jou gekuier het, en hoekom juis dáár?” **(2)**

Koos: “...”

3.3

Joernalis: “Watter vleiskos het jy vir die drie jonges aangebied toe hulle middagete saam met jou geëet het, en hoe het jy dit voorberei?” (2)

Koos: “...”

3.4

Joernalis: “Koos, waar kry jy al die klere in die grot vandaan? Dis tog seker nie alles klere wat mense vir jou gegee het nie?” (1)

Koos: “Nee, party daarvan ...”

3.5

Joernalis: “Wat het jy vir Henri gegee om by die rok en kopdoek aan te trek?” (1)

Koos: “...”

3.6

Joernalis: “Vertel my kortliks hoe Jakkals jou onderwysloopbaan vernietig het.” (2)

Koos: “...”

3.7

Joernalis: “Ek hoor jy ken vir Jonah, daardie vreemde daggaroker met die pers hare?”

Koos: “Hy het ’n geit gehad toe ek vir hom skoolgehou het.” (1)

3.8

Joernalis: “Watter vak het jy vir Jonah gegee?” (1)

Koos: “...”

3.9

Joernalis: “Koos, wat het gebeur dat jy jou geheue verloor het?” (1)

Koos: “...”

3.10

Joernalis: “Hoe het jy gereageer toe die drie jonges jou gegroet het om na die klubhuis toe te gaan?” (1)

Koos: “...”

3.11

Joernalis: “Ek hoor ek gaan nou weer by jou vrou woon. Is julle dan weer saam?”

Koos: “Nee, sy ... en ek gaan ...” (2)

[15]

ANTWOORDE

VRAAG 1

1.1 Izzie ✓ (1)

1.2 Hulle was saam by die Koevoet-eenheid in die weermag. ✓ (1)

1.3 Izzie wou 'n boek oor hul dade in die weermag skryf, ✓ maar Jakkals wou dit verhoed omdat dit sy reputasie in die gemeenskap sou skaad. ✓ (2)

1.4 In die klubhuis van die atletieklub. ✓ (1)

1.5 'n Trofee wat hy glo sy klub moes gewen het. ✓ (1)

1.6 Wanneer hy en die jagtrofee grond toe tuimel, deurboor 'n gemsbokhoring sy nek. ✓ (1)

1.7 Jakkals. ✓ (1)

1.8 Ouma Linah (Scooby se ouma) s'n. ✓ (1)

1.9 Hy spuit pepersproei in Jakkals se oë. ✓ (1)

1.10 In Carolus van Niekerk se oop graf. ✓ (1)

1.11 Abby. ✓ (1)

1.12 In haar heup. ✓ (1)

1.13 Izzie ✓ en die inbreker by die atletieklub. ✓ (2)

[15]

VRAAG 2

2.1

- Dit word gebruik om motorwrakke plat te druk. ✓
- Henri en Jasper is binne-in die motorwrak vasgekeer. ✓
- Henri se hand hang by die agtervenster uit en dit lyk of hy waai. ✓ Die selfoon is steeds in sy hand. Jasper ruk en pluk aan die verfrommelde deur. ✓ Die seuns skreeu histeries.
- Hulle staan by die motorwrak en huil. ✓
- Jakkals. ✓
- Dit bring die masjien tot stilstand. ✓
- Abby. ✓

(8)

2.2 Hy het Abby in haar heup geskiet. ✓ (1)

2.3 Danny's Scrapyard & Easy Shred. ✓ (1)

2.4 Hy het dit met 'n vorkhyser tot by die masjien se kake vervoer. ✓ (1)

2.5 Henri se pa skiet Jakkals in die skouer. ✓

Abby druk die rooi knop net betyds en die masjien ruk tot stilstand. ✓ (2)

2.6 Hy druk die skakelaar wat die masjien se bek laat oopskuif. ✓ (1)

2.7 Hy vang haar in sy arms wanneer sy grond toe val. ✓ (1)

[15]

VRAAG 3

3.1 "Ridder van die grootpad" ✓ (1)

3.2 "In die grot, ✓ sodat die helikopters dit nie uit die lug kon raaksien nie." ✓ (2)

3.3 "Haasvleis. ✓ Ek het 'n haas oor die kole gaargemaak." ✓ (2)

3.4 "... het ek met 'n visstok van mense se wasgoeddrade afgehaal." ✓ (1)

3.5 "'n Paar plat wit tekkies" ✓ (1)

3.6 "Ek het vir 'n laerskoolhoofpos aansoek gedoen, ✓ maar Jakkals was op die komitee en het leuens oor my vertel. Ek het nie die pos gekry nie." ✓ (2)

3.7 "... wit haartjies" ✓ (1)

3.8 "Geskiedenis" ✓ (1)

3.9 "Ek het my geheue verloor nadat ek in 'n groot motorongeluk was." ✓ (1)

3.10 "Ek het in trane uitgebars, ✓ want ek het regtig van hulle gehou." (1)

3.11 "... is nou met 'n ander man getroud ..." ✓

"... in 'n Wendy-huis agter die huis bly." ✓ (2)

[15]